# PIETER POTGIETER AS MENS EN TEOLOOG: ESSENSIEEL EN EIETYDS

S.A. Strauss[1]


## ABSTRACT

This article focuses on the life and work of Pieter Potgieter. A few of his most important publications are analysed, in order to evaluate his theological contribution. He concentrated on substantial and essential Biblical principles, and their application in our times. He devoted himself to researching especially the following: the doctrines of Scripture, the church and providence as well as the theology of Calvin. Furthermore, he is widely respected for the outstanding leading role he played in the church on both synodical and ecumenical levels. As a born leader this was a task for which he had a natural aptitude. A complete bibliography of Potgieter concludes this article.


## 1. INLEIDING

Pieter Cornelius Potgieter is op 10 Februarie 1940 in Bloemfontein gebore. Dit was geen toeval nie, want dit was bestem dat hy later die grootste deel van sy openbare lewe in dieselfde stad sou deurbring. Sy kinder- en jongmensdae slyt hy egter hoofsaaklik op Stellenbosch, waar sy vader, die bekende professor F.J.M. Potgieter, van 1946 af dosent aan die Teologiese Kweekskool was.

In 1957 matrikuleer die jong Pieter as hoofseun aan die Paul Roos Gimnasium. Sy onmiskenbare leierseienkappe is toe al raakgesien. Aan die Universiteit van Stellenbosch behaal hy daarna agtereenvolgens die grade B.A. (1960), B.A. Hons. (1962), B.Th. (1964) en M.Th. (1965) — almal met lof. Die feit dat hy in sy finalejaar saam met die lisensiaat ook 'n meestersgraad in teologie kon verwerf, getuig van 'n doelgerigte werkvermoë. Sy destydse skripsie was 'n deeglike "dogmaties-eksegetiese studie" oor die koningskap van Christus.

Ds. Potgieter word in 1966 as predikant van die N.G. Kerk op Vredenburg bevestig. Intussen is hy getroud met Diana de Vries. Uit die huwelik is later drie kinders, twee seuns en 'n dogter, gebore. Tydens die bediening op Vredenburg word die Porter-stipendium deur sy alma mater aan hom toegeken. Dit stel hom in staat om vir etlike maande in Europa te gaan stu-

1 Prof. S. A. Strauss, Departementshoof, Departement Dogmatiek, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

deer en verskillende teoloë en teologiese inrigtings te besoek. Hy woon hoofsaaklik die lesings van Prof. dr. G.C. Bekouwer aan die Vrye Universiteit in Amsterdam by. Die navorsing tydens hierdie besoek word 'n aantal jare later in die vorm van 'n proefskrif aangebied.

Nog twee Wes-Kaapse gemeentes word deur hom bedien: Vishoek (1969-73) en Welgemoed (1973-79). Die latere hoogleraar getuig dat dit vir hom aangenaam was om leraar van die plaaslike gemeente te wees. By hom was daar geen begeerte om noodwendig professor te word nie. Ook die teoloog, sê hy, moet buitendien steeds *Verbi Divini Minister* (bedienaar van die Goddelike Woord) bly. Gedurende sy Kaapse bedieningsjare dien hy onder andere in die Eksamenkommissie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

In 1973 promoveer die dominee tot doktor in die teologie aan sy alma mater, onder promotorskap van sy eie vader, met 'n proefskrif getitel: *Die analogia entis in historiese en kritiese perspektief*. Dit is duidelik dat die jong geleerde sy stof goed beheers. Hy probeer "om die essensie van die saak" in historiese perspektief na te gaan, maar sy hoofdoel is "om die Heilige Skrif daaroor te laat spreek en om dan onbevange na dié Woord te luister" (Potgieter 1973:5). Uit sy werkswyse is dit duidelik dat hy 'n deeglike navorser is. Met kundigheid van die grondtale (Hebreeus, Grieks en Latyn) word deeglike Skrifeksegese gedoen, veral van die Bybelse waarheid dat die mens as beeld van God geskep is. Daar word bewys dat Karl Barth vir Thomas van Aquino op die punt van die synsanalogie verkeerd geïnterpreteer het. Die teoloë op wie se standpunt sterk gesteun word, is bekende gereformeerdes soos H. Bavinck, G.C. Berkouwer en F.J.M. Potgieter. Sonder omhaal van woorde stel die proefskrif die essensie van die saak, en maak dan aktuele afleidings daaruit vir ons tyd. (Vgl. vir sy eie opsomming van die proefskrif, Potgieter 1982a.)

In 1978 word Dr. Potgieter deur die kerk beroep en aangestel as medeprofessor in die Departement Dogmatiek en Etiek aan die Fakulteit Teologie (Afd. B) van die Universiteit van Pretoria. Kyk 'n mens na sy publikasies uit daardie jare, is dit duidelik dat hy hom hoofsaaklik met etiese kwessies besig gehou het. Kenmerkend is byvoorbeeld sy bydrae oor dogmatiesetiese vrae in die prediking (Potgieter 1979b). Toe al kon hy sy gereformeerde Skrifbeskouing netjies uiteensit. Hy skryf steeds sonder omhaal van woorde, op die essensiële en prinsipiële punte af. Daaruit maak hy dan sy eietydse toepassing op die vrae van ons dag.

Dit was gedurende hierdie tyd dat hy by die Polisie as 'n reservis aangesluit het. Die kapelaan-generaal van die destydse Weermag het hom ook gevra om in sy spesialis-element te dien. Die opleiding, kursusse en grens-

diens waaraan hy in hierdie verband kon deelhê, het hom gehelp om die lewe van 'n ander kant as die predikant s'n te sien. Pieter Potgieter was buitendien altyd 'n buitengewoon veelsydige mens wat ook in "gewone" dinge belanggestel en gepresteer het. Hy kan selfs as 'n "kenner" op meer as een gebied beskou word: elektronika, motormeganika, seilplankry, fotografie, ensovoorts!

Gedurende 1980 word Professor Potgieter gekies om die eerste dogmatikus aan die nuwe Fakulteit Teologie van die Vrystaatse Universiteit te word. Daardie eerste jare in Bloemfontein het grondliggende werk i.v.m. teologiese opleiding van die hoogleraars geverg. Hierdie taak het hom waarskynlik geïnspireer om hom, meer as die deursneedosent, met kurrikulering besig te hou. Daarvan getuig sy latere boek oor "bedieningsgerigte kurrikulering" (Potgieter 1988a). Dit is sy ideaal dat teologiese studente "voorberei en toegerus" moet word "om enige vraagstuk in die lig van bepaalde beginsels te hanteer". Wanneer die leerder die grondliggende beginsels van 'n vakgebied verstaan, sal dit hom in staat stel om die nodige praktiese toepassing te kan maak. Vir hierdie doel moet studente tydens hulle opleiding ook "leer onderskei tussen die essensiële en die bykomstige" (1988a:5-6). Honderde studente kan getuig dat Professor Potgieter in sy eie lesings aan hierdie uitgangspunte getrou gebly het. Om dogmatiek te doseer, het vir hom steeds beteken: die deurgee van essensiële beginsels, met eietydse toepassing daarby.

Die eerste aantal publikasies van die nuwe dogmatikus van Bloemfontein het daarvan getuig hoe hy sy taak in 'n gereformeerde sin opgevat het: Skrif en belydenis was die grondslag en moes ook die deurslag gee. Daarbenewens het hy reeds in hierdie periode met sy navorsing oor Calvyn begin. Hy het ook meermale oor die destydse aktuele tema, sosiale geregtigheid, sy stem laat hoor (vgl. sy publikasies uit die jare 1981-1986). Algaande begin sy besondere belangstellingsvelde en navorsingsprojekte dus gestalte aanneem.

Wat die sosiale etiek en by name die politieke etiek betref, het sy navorsing in publikasies soos *Die Christen en oorlog* (1981) en *Vernuwing en konfrontasie* (1988) tot 'n afronding gekom. In laasgenoemde boek oordeel Potgieter skerp negatief oor drie modelle van bevrydingsteologie: die Westerse model waar menseregte in humanistiese sin verabsoluteer word, die Sosialistiese opvatting (van J. Moltmann byvoorbeeld) en die Derde Wêreldbeskouing (van A. Boesak byvoorbeeld). Van ware geregtigheid in 'n Bybelse sin kan daar eers sprake wees "ná lewensvernuwing vanuit die vertikale dimensie" (1988b:39). Ons moet daartoe waak dat die Christendom nooit aan een of ander ideologie gekoppel word nie (:76). Ons moet ons beywer

vir 'n samelewing waarin daar geregtigheid bestaan. 'n Nuwe visie op menseregte het daarom "vanuit gereformeerd-teologiese gesigspunt" dringend noodsaaklik geword (:77).

Die eerste van die bogenoemde temas, die Skrifbeskouing, het hom dwarsdeur sy hoogleraarskap voortdurend geboei. Reeds in sy intreerede (1983) wy hy afsonderlik aandag aan die gesag van die Skrif, waarmee die gesag van die kerk onlosmaaklik saamhang. Sy Bybelstudiekursus *Hier is die Woord* (1985) is weliswaar nie 'n wetenskaplike werk nie, maar in werklikheid bied dit 'n volledige behandeling van die Skrifleer. Die kenmerkende van Potgieter se Skrifbeskouing is dat hy die bedoeling (of: skopus) van die Skrif uitlig. Dit help hom om beide die eensydighede van biblisisme (of: fundamentalisme) en moderne kritisisme te vermy. In talle tydskriftartikels behandel hy min of meer dieselfde tema. Wanneer 'n mens hulle deurwerk, kan jy agterkom hoe sy gedagtes algaande ryp geword het. Hy bepleit deurlopend 'n goeie hermeneutiek om biblisisme sowel as Skrifkritiek te vermy. Omdat die Skrif tydbetrokke is, maar nie tydgebonde nie, is die sin van Skrifverklaring daarin geleë "om vas te stel wat die Woord presies vir die mens van destyds wou sê, en hoe dieselfde waarheid op ons eie tyd toegepas kan en moet word" (Potgieter 1988d:426).

Ook hierdie tema word met 'n monografie tot afsluiting gebring: *Skrif, dogma en verkondiging* (1990). Weer eens stel Potgieter die grondmotief van sy teologie onomwonde:

> Die oogmerk is om aan te dui hoe daar op 'n teologies verantwoorde wyse vanuit God se gesagvolle Woord gekom kan word tot verkondiging wat werklik aktueel is vir ons tyd (1990b:5).

Soos 'n refrein leer dié geskrif herhaaldelik dat die Bybel uitgelê moet word ooreenkomstig die bedoeling van die Gees met 'n bepaalde Skrifwoord. Om daardie boodskap dan vir ons tyd toepaslik te kan deurgee, moet die prediker ook sy eie tyd — "omstandighede en behoeftes" — goed ken (:54). Dié boek word afgesluit met 'n herdruk van die beleidstuk van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk (1986): *Skrifgesag en Skrifgebruik*. Die skrywer kon dié stuk met vrymoedigheid aanbeveel omdat hy, soos ons weet, self die hoofopsteller daarvan was.

Toe die Algemene Sinode in Oktober 1986 in Kaapstad vergader, was een van die belangrikste agendapunte die waterskeidingsverslag oor *Kerk en samelewing*. Professor Potgieter was teenwoordig as een van die Vrystaatse afgevaardigdes. Hoewel hy nie lid van die kommissie was wat die verslag opgestel het nie, het sy voorstel van die vloer af dat die kerk se lidmaatskap oop is vir enige gelowige, afgesien van ras en kleur, geskiedenis gemaak.

Hierdie optrede het waarskynlik daartoe gelei dat Potgieter as 'n leier in die kerkverband raakgesien is. In 1987 word hy as moderator van die Vrystaatse Sinode verkies. En in 1995 gebeur dit selfs 'n tweede keer. Wat nog 'n groter onderskeiding was, is dat hy in 1990 sowel as in 1998 ook tot moderator van die Algemene Sinode verkies is. Dit moet as 'n buitengewone prestasie aangemerk word, want hy is die enigste persoon vir wie hierdie eer sedert die eerste Algemene Sinode in 1962 te beurt geval het. Kerkmense getuig dat hy so 'n goeie voorsitter kon wees vanweë sy administratiewe gawes en sy besondere bestuurstyl.

Miskien was dit sy meerdere kerklike betrokkenheid wat Professor Potgieter gestimuleer het om uitdruklik teologies oor die kerk na te dink. Reeds in 1985 publiseer hy oor "die wese en die taak" van die kerk. In die jare daarna sou hy herhaaldelik na dieselfde tema terugkeer. In die boek wat hy saam met sy kollega J.H. Smit geskryf het, verskyn daar ook 'n hoofstuk oor "Die kerk in die samelewing - sy wese en taak" (1988b:65ev.).Daarin sê Potgieter dat die diepste wese van die kerk in die verborge vereniging (*unio mystica*) van die gelowiges met hulle Hoof, Christus, te vinde is. Hy beweer voorts dat Paulus se gebruik van die uitdrukking "liggaam van Christus" sterk nadruk lê op die institutêre karakter van die kerk. Die kerklike instituut, trouens elke kerklike instituut, is

> die gestalte waarin 'n bepaalde groep mense hulle deelgenootskap aan die kerk van Christus, as sy liggaam, tot sigbare en werksame uitdrukking bring (:66).

Binne die eenheid van die kerk is daar ook ruimte vir verskeidenheid. Maar:

> Geloof … in die drieëenige God is … die enigste voorwaarde vir verbondenheid aan die liggaam van Christus. Dit is ook die enigste grondliggende norm vir lidmaatskap van die geïnstitueerde gestalte van die kerk (:67).

'n Mens hoor die klanke van die destydse debat wanneer Potgieter skryf dat pluriformiteit in die kerk nie veroordeel hoef te word nie. Maar daar is geen ruimte vir eksklusiwiteit op enige ander grond as geloof in Christus nie (:68). Om met 'n laaste kenmerkende aanhaling te volstaan: Omdat die kerk algemeen is, is hy ook inheems. Dit beteken dat die kerk ook "'n besondere aanvoeling vir die eise en omstandighede van sy tyd (moet) ontwikkel" (:70). Dieselfde grondlyne van 'n gebalanseerde kerkbeskouing word in talle wetenskaplike artikels aangetref, bv. wanneer hy skryf:

> Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het nog steeds die gedagte van 'n volkskerk afgewys, alhoewel hy simpatiek staan teenoor die

> idee van 'n belydeniskerk binne volksverband: so 'n kerk is egter nie eksklusief tot lede van 'n bepaalde volk beperk nie (1990a:203).

Nogtans laat hy die openheid dat, ter wille van die welwese van die kerk, faktore "soos die bedieningsbehoeftes van mense en groepe" tot 'n verskeidenheid van gemeentes aanleiding kan gee — solank geen norm van die Skrif in gedrang kom nie (1990a:208).

Professor Potgieter getuig later dat sy jare as moderator en voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie, veral gedurende die eerste termyn (1990-1994), 'n moeilike tydperk in sy lewe was. Dit was veral die onbillike etikettering dat hy "liberaal" sou geword het wat onaangenaam was. Vir hom was sy instemming met *Kerk en samelewing* geen nuwe koers wat hy ingeslaan het nie. Hy sê dat hy daarmee, soos trouens in sy hele lewe, net maar die eer van God gesoek het en die beginsels van die Woord konsekwent wou gehoorsaam. Vir hom was die geleentheid om leiding te neem 'n voorreg. Hy wou graag soveel as moontlik van "sy mense" met hom saamneem, sonder om op enige Skrifbeginsel toe te gee. Hy wou toe ook, soos altyd, getrou wees aan sy uitgangspunt om verantwoordelik voor God te leef.

Behalwe die betrokkenheid by sinodale werksaamhede het Professor Potgieter ook in 1989 dekaan van Fakulteit Teologie geword, en die pos onafgebroke tot met sy aftrede beklee. Benewens die leidende rol in die fakulteit was hy ook geroep om in talle komitees van die universiteit te dien. In 'n baie moeilike transformasiefase van die Vrystaatse Universiteit word hy selfs voorsitter van die Dekanekomitee en lid van die dagbestuur van die Uitvoerende Bestuur (1998-2000). Hy kwyt hom so uitmuntend van hierdie veeleisende take dat die kanseliersmedalje in 2001 deur die Universiteit aan hom toegeken word. Asof hierdie verpligtinge nie alreeds byna voltyds sy aandag geverg het nie, dien hy ook nog (1993-96) in die Raad van die SAUK, tree hy op as redakteur van die Gereformeerde Ekumeniese Raad se tydskrif *Theological Forum*, en word hy ook direkteur van die N.G. Kerkuitgewers, Lux Verbi en Waterkant Uitgewers - om maar enkele verpligtinge by die naam te noem. Voeg daarby die normale drag van lesings in sy vakgebied, die studieleiding aan nagraadse studente, die waarneem van preekbeurte en die tallose uitnodigings om lesings oor allerlei aktuele aangeleenthede te lewer — dan kry 'n mens enigsins 'n idee van Pieter Potgieter se veelsydige en volhardende diensbaarheid in veeleisende omstandighede. Genadiglik is hy deur die Here geseën met 'n sterk gestel, fisies sowel as psigies.

By al sy verpligtinge het hy steeds nie sy leeropdrag verwaarloos nie. In sy laaste jare as professor het sy lesings uitgekristalliseer in 'n netjiese stel diktate. Ongelukkig kon hy nie meer die tyd vind om hulle in 'n boekvorm

uit te gee nie. Die titel van die beplande handboek sou egter wees: "Essensiële dogmatiek". Daarin wou hy die relevante hoofsaak van elke locus van die dogmatiek bespreek, met verwysing na die kontemporêre (eietydse) teologiese standpunte. Dat dit vir hom in sy vakgebied nie om blote akademiese teorie gegaan het nie, word bewys deur die publikasie van 'n hele aantal boekies oor praktiese geloofsake: doop, wederkoms, gebed, Jesus, die Heilige Gees, ensovoorts.

Ook op die terrein van navorsing het hy in dié tyd nog 'n nuwe tema, die voorsienigheidsleer, aangepak. Ook daarvoor het hy artikels in vakwetenskaplike tydskrifte die lig laat sien. Die keuse van hierdie tema pas presies in by Potgieter se kenmerkende benadering: hy wou met sy dogmatiek by die praktiese vrae van gelowiges uitkom. Die voorsienigheidsleer is algaande nouer gekoppel aan 'n ander Potgieter-voorliefde: Calvyn-navorsing. Daarvan getuig ook 'n hele paar netjiese artikels.

Nie net sy deelname aan die internasionale Calvyn-navorsing nie, maar ook die werksaamhede van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (voorheen: Sinode) het sy belangstelling getrek. Vandat hy die eerste keer in 1983 'n vergadering van dié liggaam bygewoon het, het hy sedertdien al die vergaderings daarvan meegemaak. Nadat hy in verskillende komitees van die GER gedien het, tree hy tans op as die Eerste Sekretaris van die GER se Uitvoerende Komitee. Professor Potgieter het deur die jare wye ekumeniese kontakte opgebou en talle besoeke aan buitelandse teologiese inrigtings gebring. Hy was egter nooit beïndruk met die nuwere toelogie nie, want, sê hy, dit is te veel filosofies en te min teologies.

Teen die einde van sy openbare bediening het Pieter Potgieter vir homself rekenskap gegee van die stuk geskiedenis van die N.G. Kerk wat hy meegemaak het (en ook mede help máák het). In 'n referaat tydens die 350-jarige herdenking van dié kerk se bestaan dui hy met 'n historiese oorsig aan hoedat 'n nuwe (en beter) hermeneutiek tot veranderinge in beleidsbesluite van die Algemene Sinode gelei het. Hy huiwer egter nie om ook sy kerk teen gevaarlike tendense te waarsku nie. Hy is veral bekommerd wanneer "die grondliggende beginsels van gereformeerdheid" nie meer eerbiedig word nie, en wanneer predikante hulle nie meer gebonde ag aan "die goeie orde wat in 'n gereformeerde kerk hoort nie" (2002a:354). Dit is waar dat die toekoms van die kerk in die Here se hande is. "Maar Hy het natuurlik ook vir ons hande gegee waarmee ons aan die toekoms kan bou .... Daarvoor — glo ek — sal ons eenmaal verantwoording moet doen", so sluit hy sy rede af (:355).

Pieter Potgieter se hele persoonlikheid het in al sy werk duidelik na vore gekom. Basies is hy 'n beskeie mens, bewus van sy tekortkominge. Hy

besef dat hy gou verveeld raak as mense, veral in 'n vergadering, nie koers kan kry nie. Daarom is hy bereid om leiding te gee, waar dit ook al van hom gevra word. Hy hou daarvan om dinge te laat gebeur. En as hy 'n vergadering of organisasie kan help om vooruit te kom, doen hy dit graag. Hy is 'n natuurlike leier, een wat vir homself kan dink en besluit, sonder om hom in 'n kamp te laat indwing. Hy is buitengewoon betroubaar, iemand met 'n hoë verantwoordeliksbesef. As Christen weet hy homself geroepe om diensbaar te wees in God se koninkryk. Daarom hou hy hom nie op met beuselagtighede en bykomstighede nie. Hy soek na die essensiële Bybelse beginsels. En dié pas hy toe op eietydse vrae en omstandighede, wat hy ook goed ken. Daarom was hy bestem om in 'n besondere tydsgewrig die N.G. Kerk bymekaar te hou, op die grondslag van die gereformeerde belydenis. Dit het hy nie gedoen deur 'n nuwe teologie te ontwerp nie. Maar deur te bly by dit wat hy glo. En deur na die beste van sy vermoë sy tydgenote te dien met die evangelie van die verlossing in Christus.

# PUBLIKASIES

VAKWETENSKAPLIK

1962. Orde in die Kerk. *Polumnia* (US).

VAKWETENSKAPLIK

1965. Die koningskap van Christus. 'n Dogmaties-eksegetiese studie van die koningskap van Christus as Ewige Seun van God en as Middelaar. Ongepubliseerde M.Th.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1968. Jakobus oor die christelike lewe (Desember). *Lig en Lewe*. Kaapstad: NGKU.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1969. Die leiding van die Heilige Gees. *Die Kerkbode*.

VAKWETENSKAPLIK

1973. Die analogia entis in historiese en kritiese perspektief. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1975. Die seksuele revolusie: dilemma vir die kerk? *Die Kerkbode* (9 Maart).

VAKWETENSKAPLIK

1976. Reconciliation. *The Banner of Truth* (February).

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1976. Die Antichris. *Die Bybel en u*. Wellington: Bybelkor.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1977

a. *Wat moet ek van die doop weet?* Kaapstad: NGKU.

b. Kansel en altaar. *Die Kerkbode* (5 Oktober).

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1978. Geregtigheid as etiese imperatief. *Korrels* III, 9.

VAKWETENSKAPLIK

1979

a. Kuns, vryheid en verantwoordelikheid. *NGTT* XX/2:161-167.

b. Die plek van dogmaties-etiese vrae in die prediking. *Aktuele prediking* (red. J.J. de Klerk). Pretoria: NGKB.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1979

c. Teologie en futurologie. *Korrels* IV, 5.

d. Die staat se reg om te straf. *De Facto* (UP).

e. Christelike etiek rondom die sterwe. *Die Kerkbode* (15 Augustus).

VAKWETENSKAPLIK

1980

a. Moral education in South Africa. *Journal for Moral Education* 9/2:130-133.

b. Die etiese in die letterkunde — teologiese riglyne. *Etiese probleme* (red. P.C. Potgieter). Pretoria: NGKB.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1980

c. *Die Christen en oorlog*. Wellington: Bybelkor.

d. *Ek glo in God die Vader*. Wellington: Bybelkor.

VAKWETENSKAPLIK

1981

a. By die lig van die Woord. *Die Fakkel*.

b. Bediening en belydenis. *Fakulteitspublikasie* 1. Fakulteit Teologie UOVS.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1981

c. Evolusie, wetenskap en Bybel. *Die Volksblad*.

d. Dobbelary en lotery. *Die Volksblad*.

VAKWETENSKAPLIK

1982

a. Analogie en openbaring. *Skrif en Kerk* 3/2:48-53.

b. Calvin as scriptural theologian. In: *Calvinus reformator*. Potchefstroom: IRS.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1982

c. *Bedien die Woord*. Kaapstad: NGKU (mede-outeur).

VAKWETENSKAPLIK

1983

a. Die eise vir sosiale geregtigheid. *Fax Theologica* 3/1:48-65.

b. *Die gesag van die Kerk se Woord*. Bloemfontein: UOVS (Intreerede).

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1983

c. Sosiale etiek. *Die Bult* Mei 1983.

VAKWETENSKAPLIK

1984

a. Justice and mercy — biblical perspective and practical implementation. *RES Mission Bulletin* IV/3.

b. Justice and mercy — biblical perspective and practical implementation. *NGTT* XXV/3:300-310 (herdruk).

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1984

c. Die charismata, die charismatiese beweging en lidmate van die kerk. *Handelinge van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland* (1983) Port Elizabeth.

d. *'n Skare wat feesvier*. Kaapstad: NGKU.

e. *Victory*: *the work of the Spirit*. Edinburgh: The Banner of Truth Publishers.

f. Die Heilige Gees as outeur van die Heilige Skrif. *Die Kerkbode* (9 Mei).

VAKWETENSKAPLIK

1985

a. Die Kerk: sy wese en taak. *Fax Theologica* 5/1:26-38.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1985

b. Confession of guilt. *DRC News* 10/2.

c. *Hier is die Woord*. Wellington: Bybelkor.

d. Die Ned. Geref. Kerk en skuldbelydenis. *Die Kerkbode* CXXXV/22.

e. Die Gees en die Bybel. *Ons Jeug* 34/5.

VAKWETENSKAPLIK

1986

a. The influence of Zwingli on Calvin concerning the Lord's Supper. In: *John Calvin's Institutes. His opus magnum*. Ed. B.J. van der Walt. Potchefstroom: IRS:148-162.

b. Die Bybelse grondslag van 'n staatsordening met betrekking tot straf. In: *Referatebundel van die AKDB,* Pretoria.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1986

c. Integriteit. *Die Kerkbode*.

d. Die Ned. Geref. Kerk en isolasie. *Die Kerkbode* 138/14.

e. Dringende agendapunte vir komende Ned. Geref. Kerkvergaderings. *Woord en Daad*.

VAKWETENSKAPLIK

1987

a. Strategic planning in a Faculty of Theology. *Didaskalia* 10/1:68-74.

b. Personal faith in the theology of Karl Barth. *NGTT* XXVIII/3:153-159.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1987

c. Wat mag jy op Sondag doen? *Ons Jeug* 36/7:148-9.

d. Predikant en gemeente. *Die Kerkbode* 139/5.

e. Weer sinodejaar. *Die Kerkbode* 139/10.

f. Karikature. *Die Kerkbode* 139/13.

g. Moenie! (Kerkskeuring.) *Die Kerkbode* 139/22.

h. Sinodes en ellelange sakelyste. *Die Kerkbode* 140/12.

i. Kerkeenheid hef nie eiesoortigheid op nie. *Die Kerkbode* 140/9.

j. Dominees in 'n bedieningskrisis? *Die Kerkbode* 140/15.

k. Omgebuigde vraagtekens. *Vrystaatse Vrouediens* 9/4.

VAKWETENSKAPLIK

1988

a. *Voorberei en toegerus — 'n studie oor bedieningsgerigte kurrikulering aan teologiese fakulteite*. Bloemfontein: Pro Christo.

b. *Vernuwing en konfrontasie* (mede-outeur: J.H. Smit). Kaapstad: Lux Verbi.

c. *Perspicuitas* — vir wie? In: *'n Woord op sy tyd* (Vos & Wethmar, reds.) Pretoria: NGKB.

d. Selfgetuienis en interpretasie. *Hervormde Teologiese Studies* 44/2:420-433.

e. Owerheid, gesag en geregtigheid. *Fax Theologica* 8/2:47-53.

f. Die kerk in 'n bestaanskrisis. *Fax Theologica* 8/1:60-64.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1988

g. Kerk en krisis. *Handelinge van die 45e vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die OVS*. Bloemfontein (:1245-1252).

h. Is sonde nog sonde? *Die Kerkbode* 141/4.

i. Die Ned. Geref. Kerk — Vandag en môre. *Handelinge van die 4e vergadering van die Ned. Geref.Kerk in Noord-Kaapland*. Kimberley (:816-821).

VAKWETENSKAPLIK

1989

a. The role of the churches in South Africa: a Dutch Reformed perspective. *The Council of Chalcedon* (Atlanta, Georgia) 1/12:22ff.

b. Kurrikulumontwikkeling in teologie. *NGTT* XXX/4:558-564.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1989

c. Die ideale dominee. *Die Kerkbode* 143/2.

d. Te veel predikante? *Die Kerkbode* 143/8.

e. Die Vereeniging-beraad. *Die Kerkbode* 143/11.

f. Kerk en media. *Die Kerkbode* 143/19.

g. Die hemel. *Die Volksblad*.

h. *Wat moet ek van die doop weet?* Tweede hersiene uitgawe. Kaapstad: NGKU.

VAKWETENSKAPLIK

1990

a. Die karakter van die kerk in perspektief van die huidige teologiese besinning. *Skrif en Kerk* 11/2:198-207.

b. *Skrif, dogma en verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi.

c. Perspektiewe op die wese en die taak van die kerk. *UV Teologiese Studies 4*.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1990

d. Bybels. *Die Kerkbode* 144/6.

e. Samesprekings en samewerking. *Die Kerkbode* 145/4.

f. Vrae oor "Into Africa" se vertrekpunte. *Die Kerkbode* 145/2.

g. Paasfees en teenstydighede. *Die Kerkbode* 145/13.
h. *Wat moet ek van die einde weet?* Kaapstad: Lux Verbi.
i. Die Algemene Sinode van Bloemfontein, 1990. *Acta Theologica* 10/2:73-76.
j. Rustenburg: Feite en perspektief. *Die Kerkbode*.
k. Maandelikse bydrae tot Die Stille Uur in *Die Volksblad*.

VAKWETENSKAPLIK

1991

a. Die paradoksale van kerkwees: 'n blik op die kerkbeskouing van Paul Tillich. *NGTT* XXXII/3:468-472.
b. The providence of God in Calvin's correspondence. In: *Calvin. Erbe und Auftrag. Festschrift für Wilhelm Heinrich Neuser zum 65. Geburtstag*. Herausgegeben von Willem van't Spijker (:85-94). Kampen: Kok.
c. 'n Visie op die wese van die kerk. *UV Teologiese Studies* 5:72-75.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1991

d. Lotery — heilig die doel die middele? *Die Voorligter* (Augustus):8.
e. Kerk en samelewing 1990 — wat lê voor? *Die Kerkbode* 147/6.
f. Kerk en samelewing 1990 — die Ned. Geref. Kerk se verhoudinge na buite. *Die Kerkbode* 147/8.
g. Perspektief op die styl van die Wêreldraad van Kerke. *Die Kerkbode* 147/9.
h. WRK vra steeds sanksies teen S.A. *Die Kerkbode* 147/10.
i. Mense sonder werk. *Die Kerkbode* 147/20.
j. Ons kan nie sonder die Heilige Gees lewe nie (preek). *Die Kerkbode* 148/1.
k. Om te praat of nie te praat nie. *Die Kerkbode* 148/2.
l. Die eerbare weg van verset is die grondwetlike weg. *Die Kerkbode* 148/14.
m. 1991 vir die Ned. Geref. Kerk. *Die Kerkbode* 148/24.
n. Die uitdaging van verandering — The challenge of change. *Verrigtinge van die konferensie van die ITMR*:24-31.

VAKWETENSKAPLIK

1992

a. (Saam met Lategan, L.O.K.) Die *Providentia Dei* in die briewe van Calvyn. *NGTT* XXXIII/1:93-96.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1992

b. Waar is die Heilige Gees in my lewe? *Die Voorligter* (Februarie):14 v.
c. Nuwe stelsel van beroep weer onder die loep. *Die Kerkbode* 149/19.
d. *Wat moet ek van die Heilige Gees weet?* Kaapstad: N G Kerkuitgewers.
e. Geroep tot sy diens, maar daar kom geen beroep nie. *Die Kerkbode* 149/9.
f. Maak erns met die mag van onderwys. *Die Kerkbode* 150/15.
g. Hoe nou verder? *Die Kerkbode* 150/16.

VAKWETENSKAPLIK

1993

a. (Saam met Lategan, L.O.K.) Die samehang tussen teologiese teorie en praxis: 'n gevallestudie aan die hand van Calvyn se leerstuk van die *Providentia Dei*. *Hervormde Teologiese Studies* 49/1 en 2:135-143.

b. (Saam met Lategan, L.O.K.) "Laat U wil geskied": Teologies-filosofiese perspektiewe op die wil van God. *Acta Teologica* 13/1:17-28.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1993

c. Kerke sal moet praat. *Die Kerkbode* 151/19.

d. Drie-enige God moet in grondwet erken word. *Die Kerkbode* 152/5.

e. Vredemakers. *Die Kerkbode* 151/.

f. Elke saak het twee kante. *Die Kerkbode* 152/8.

g. Is die N.G. Kerk nog ter sake vandag? *Die Kerkbode* 152/10.

VAKWETENSKAPLIK

1994

a. Slegs eenmaal gedoop — *sans jamais le réitérer*. *Hervormde Teologiese Studies* 50/1 en 2:140-154.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1994

b. Is regering deur die volk werklik moontlik? *Die Kerkbode* 153/6.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1995

a. Een weg tot verlossing. *Die Algemene Kerkbode* 155/8.

b. *Wat moet ek van gebed weet?* Kaapstad: NGKU.

c. As twee van julle bid. *Die Voorligter* (Maart).

d. Vreemde godsdienste. *Roeping en Riglyne* 43/1.

e. Saamleef is in, sonde uit ... hoe dan nou? *Rapport* (11 Junie).

f. Elke woord in Bybel is geïnspireer ... in konteks. *Die Kerkbode* 155/19.

g. Moraliteit in Suid-Afrika op afdraend. *Die Algemene Kerkbode* 155/20.

VAKWETENSKAPLIK

1996

a. The doctrine of divine providence: a dilemma for reformed theology? *Studies in Reformed Theology* 1. Baarn: Callenbach.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1996

b. Daardie moeilike vrae. *Die Kerkbode* 165.

c. Bevolkingsgroei en werkloosheid. *Die Kerkbode* 157/1.

d. Eksperimentele eredienste. *Die Kerkbode* 157/24.

e. Geloof en waarheid. *Die Kerkbode* 157.

f. Teologiese opleiding aan die UOVS. *Die Fakkel* 1996/1.

g. Goeie en slegte tekens. *Die Kerkbode* 157.

h. *The power of prayer*. Kaapstad: Lux Verbi.

VAKWETENSKAPLIK

1997

a. (Saam met Lategan, L.O.K.) "U is die Here, U doen wat U wil": *Providentia Dei*-perspektiewe in die boek Jona. *NGTT* XXXVIII/1 en 2:62-69.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1997

b. Die hand in eie boesem. *Insig* (April):17.

c. Amp en professie. *Die Kerkbode* 158/11.

VAKWETENSKAPLIK

1998

a. Perspectives on the doctrine of providence in some of Calvin's sermons on Job. *Hervormde Teologiese Studies* 54/1 en 2:36-49.

b. *Perspicuitas Scripturae* — benefit or embarressment? *NGTT* XXXIX/1 en 2: 116-121.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1998

c. Identiteitskrisis in die N.G. Kerk. *Die Kerkbode* 160/16.

d. Waagmoed, realisme kenmerk van 1998-sinode. *Die Kerkbode* 161/15.

e. Kerk bly belangrike instrument in God se hand. *Die Kerkbode* 162/1.

f. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk — 'n identiteitskrisis? In *Is die N.G. Kerk nog die N.G. Kerk?* (red. S D Snyman). Wellington: Hugenote Uitgewers.

g. Die Agenda van die N.G. Kerk — 2000 en daarna. *Deo Gloria* (UP).

POPULÊR-WETENSKAPLIK

1999

a. Tyd vir 'n geloofsboodskap van hoop. *Die Kerkbode* 162/8.

b. Vernuwing: dink voordat jy doen. *Die Kerkbode* 162/14.

c. Deurbraak vir N.G. Kerk in Europa. *Die Kerkbode* 163/3.

d. Om gereformeerd te wees. *Die Kerkbode* 163/14.

VAKWETENSKAPLIK

2000

a. Perspektiewe op die eienskappe van God. *Acta Theologica Supplementum* 1:58-75.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

2000

b. Maak ons skone land 'n skoon land. *Die Kerkbode*, 164/1.

c. Sonder bediening is kerk nie kérk. *Die Kerkbode* 164/6.

d. ASK sê: toets lotery só. *Die Kerkbode* 164/12.

e. Kerk nie net nóg 'n instelling nie. *Die Kerkbode* 165/5.

f. Belydenis, kerkbeleid en debat. *Die Kerkbode* 165/9.

g. *Netnou is dit môre*. Wellington: Lux Verbi.BM.

VAKWETENSKAPLIK

2001

a. John Calvin — *Verbi Divini Minister*. *Koers* 66/1 en 2:87-100.

b. The consummation of the Kingdom of God. Reflection on the final victory of Christ as portrayed in Paul's First Epistle to the Corinthians. *In die Skriflig* 35/2:215-224.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

2001

c. Sal ons kan sê 2001 hét toe hoop gebring? *Die Kerkbode* 166/1.

d. Kommissies dalk te groot, te lomp, te duur? *Die Kerkbode* 166/10.

e. Oor waarheid en kritiek. *Die Kerkbode* 167/2.

f. Kerk kan en moet lig bring in 'n donker jaar. *Die Kerkbode* 167/9.

VAKWETENSKAPLIK

2002

a. 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd — en nou? In: Pieter Coertzen (red.) *350 Jaar Gereformeerd* 1652-2002. Bloemfontein: CLF (:348-356).

b. Transformasieteologie of Skrifteologie? Kerklike verskuiwings ten opsigte van volkereverhoudings. *In die Skriflig* 36/2:227-242.

c. Calvyn oor God se gebruik van middele in sy voorsienigheidshandelinge. *Acta Theologica* 22/2:101-113.

POPULÊR-WETENSKAPLIK

2002

d. Baie dinge kom terug omdat dit werk. *Die Kerkbode* 168/1.

e. Die Bybel is steeds God se rigsnoer. *Die Kerkbode* 168/10.


| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| P. C. Potgieter | P. C. Potgieter |
| Dogmatiek | Systematic Theology |
| Skrif | Scripture |
| Kerk | Church |
| Calvyn | Calvin |